# Die WAPAD

Deel 5. No. 10. 25 September 1950. 3/- per jaar.

# JAARVERSLAG VAN OU STUDENTERAAD GETUIG VAN HOOGTEPUNTE

## HOË WAARDERING VIR AFTREDENDE VOORSITTER—WILLEM DE KLERK.

**Op Maandagaand die 18de September is die nuwe Studenteraad vir 1950—51 offisiëel saamgestel en het die ou Studenteraad vir 1949—50 die tuig neergelê.**

### JAARVERSLAG.

In sy jaarverslag het **Willem de Klerk** gewys op die hoogtepunt wat in die afgelope jaar op so vele gebiede bereik is. Die verenigingslewe het 'n hoë opbloei geniet. Die sportmansgees was gesond en die gehalte van spel besonder hoog. Veral het hy melding gemaak van die hoë prestasies van die Voetbal.

### WAARDERING.

**Willem het sy waardering uitgespreek aan die studente van die P.U.K. wat so lojaal elkeen sy of haar plig uitgevoer het. „Dit was 'n plesier om u te kon lei", het hy gesê.**

### FINANSIES.

In sy finansiële verslag het die aftredende penningmeester, **Jan Viljoen,** met 'n baie groot verrassing voor die dag gekom toe hy kon aankondig dat die jaar afgesluit word met 'n batige saldo van oor die £150. Willem het 'n spesiale woord van dank aan Jan Viljoen en **Johan Ligthelm,** die aftredende sekretaris gerig vir hulle nougesette pligsgetrouheid en ywer.

### BEKERS.

Die Corrie-van-Rooy-beker is deur **Magda Kok** oorhandig aan **Hertha Trunsch** en die De Klerk-beker aan Jaap Steenekamp.

### MEDALJES.

Groot applous het gevolg op die aankondiging dat Magda Kok en Willem de Klerk aanbeveel is vir die Raadsmedaljes. Willem het vir Magda geluk gewens en met waardering gepraat van haar dienste aan die P.U.K.-studentelewe. Onder-Voorsitter **Bouke Spoelstra** het vir Willem geluk gewens. „As iemand 'n Raadsmedalje verdien, verdien Willem de Klerk dit" het hy geëindig.

### BEDANKING.

In sy bedankingstoespraak het die nuwe Voorsitter, Bouke Spoelstra die ou Studenteraad bedank vir hulle onvermoeide ywer van die afgelope jaar. Hy het melding gemaak van die aangenome gees van samewerking „daar in die sink-geboutjie" sowel as die bekwaamheid van elke lid.

**Hy het gesê dat hy nie anders kan as om te glo nie dat alles wat bereik is, grootliks te danke is aan die onvermoeile en uiters bekwame leiding van Willem de Klerk. Daarvoor het hy namens al die studente van die P.U.K. sy diepe en opregte waardering vir die werk van 'n man soos Willem. „Mag die Here God hom help en lei dat hy met sy vele talente nog baie vir sy volk sal kan doen" het hy geëindig.**

Die spontane applous wat hierop vir minute lank aangehou het, is 'n bewys van die waardering wat die studente vir die arbeid en leiding van Willem het.

### AFSKEIDSWOORD.

In sy afskeidswoord het Willem melding gemaak van troue steun wat hy ontvang het. Hy het egter ook gesê dat hy bewus is daarvan dat hy vyande het.

Nogtans was sy enigste oogmerk altyd om die P.U.K. in die lig van die Calvinisme te dien. Daarom dat hy

(Vervolg op bls 9, kol. 3).

## DIE NUWE S.R.

**Dit is vir die Redaksie aangenaam om die volgende persone van harte geluk te wens met hulle verkiesing tot Studenteraadslede:**

**Mnr. B. Spoelstra (voors.).**
**Mnr. P. J. Venter (ondervs.)**
**Mnr. A. P. S. v.d. Merwe (sekr.)**
**Mnr. J. H. van Niekerk (Pgm.)**
**Mnr. J. Ligthelm (Korps).**
**Mnr. V. E. d'Assonville (Korps).**
**Mej. L. v an Rooy (A.S.B.)**
**Mej. M. Venter (SS.B)**
**Mnr C. J. Malan (A.S.B.).**
**Mnr. A. S. Smit (A.B.K.K.)**
**Mnr. H. Schutte (S.S.B.)**

**Bespaar Tyd, Kragte en Skoene**



aan te skaf.

C. VAN DER MERWE,
**FIETSHANDELAAR.**
**Kerkstraat 92, Potchefstroom.**

T. H. BOLTON (Edms) Bp.
**BOU-AANNEMERS.**

VIR ENIGE WERK IN
WES-TRANSVAAL.

**Adres: Kerkstraat 172, Tel. 718,**
**POTCHEFSTROOM.**

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**
durende gemak.

**PLAZA-KAFEE**

(Onder persoonlike toesig van Mnr. en Mevr. Ferreira).

* * *

Vir———

GOEIE EN NETJIESE DIENS,
Probeer die

**PLAZA,**

**Die Sportman se Kafee.**

**Foon 249. Kerkstraat 109.**

*Die Wapad.*

25 September 1950.

**Hoofredakteur:** P. J. W. Louw, **Tegniese Adviseur:** P. H. S. Pieterse.

**Hulp-Adviseur:** J. T. Herselman.

**Subredakteure:** J. H. Booyens, D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

**Administrasie:** C. Malan (voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Rand.

# AS DIE WILGERBOME BOT

As die wilgerbome hier in die ou hoofstad van Transvaal bot, besef die gewone bewoner nie hoe 'n diepe betekenis dit vir die studente inhou nie. Dit is 'n teken van die ontwaking van die lente in die natuur maar 'n nuwe lewe ontwaak ook onder die studente —en menige kys is die gevolg daarvan. Maar dit is nie al nie . . .

Dit is sdie tyd wat die hele organisasie wat agter die studentelewe sit, ontbind word en 'n nuwe vir die volgende jaar saamgestel word. Die Sportklubs en kultuurverenigings wat gedurende die afgelope jaar veel lief en leed gedeel het—wat gestreef het na hoë ideale en hard gewerk het om sukses te behaal, het hulle taak afgehandel en sit soos atlete wat moeg is van die eerste item en wag vir die tweede—die eksamen!

As die wilgerbome bot, breek dit tyd van rekenskap aan. Nou moet rekenskap gegee word van die mate van vorming wat die studie en studentelewe aan die studente gegee het en rekenskap moet gelewer word van die mate wat die student hom daarvoor geleen het om gevorm te word.

Ons inrigting, as 'n sentrum van Hoër Onderwys op 'n Christelike grondslag, bied inderdaad geleentheid vir goeie vorming aan, vir die wat hom daarvoor wil leen. Die eksamen en díe praktyk volgende jaar, sal toon hoe diep hierdie Christelike onderwys sy stempel op ons persoonlikhede afgedruk het. Van hierdie Christelike Opvoedingsentrum gaan daar volgende jaar manne en vroue uit om as getuienisse in die lewe te dien van die waarhele wat hulle hier bestudeer het. Dit bring 'n groot verantwoordelikheid vir die oudstudente van die nabye toekoms mee—om as getuienisse vir ons Universiteit in die buitewêreld te dien.

Mag die aanbreek van die lente wat op die einde van 'n ander jaar dui, dien om ons wat vanjaar P.U.K. verlaat, tot nadenke te stem: Die tyd het aangebreek dat ons studente die praktyk moet ingaan as Calvinisties georiënteerde volwassenes en te getuig deur hulle handel en wandel dat hulle oudstudente is van P.U.K. vir C.H.O. met die grootse leuse: „In U Lig.”

(Vervolg van bls. 3, kol. 1).

ons ons in hierdie dae begin voorberei vir die naderende eksamen, beskou ons ook hierdie studie-werksaamhede as 'n roeping, d.w.s. staan op ons studiemateriaal, ons boeke ens. vir ons ingegraveer: „Heilig aan die Here”? Of is dit vir ons maar net 'n kwessie om die eksamen deur te kom sodat ons eendag ons onderskeie beroepe kan uitoefen om liggaam en siel aanmekaar en toe te hou? As ons so gesind is, kan ons geen seën van die Here verwag op ons werk nie.

Laat ons daarom die woorde: „Heilig aan die Here” op ons mees alledaagse dinge soos ons studieboeke, met die geloofsoog aanskou. Dan kan ons die seën van die Here verwag, ook by die naderende eksamen; dan sal ons studie ook in ons 'n lus en 'n vreugde wees; dan sal die groot deel van alles: „Aan God alleen die Eer” ook in ons lewe verwerklik word!

J.C.L.

# Oordenking.

## HEILIG AAN DIE HERE.

**Sagaria 14: 20: „In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die Here! En die erdepotte in die huis van die Here sal wees soos die komme van die altaar."**

Die profeet Sagaria staan in die Jerusalem van sy dae—'n stad wat nie meer die heerlikheid en glorie van vroeër dae ken nie. Dit is kort na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap en die omgevalle mure lê nog en wag op die koms van Nehemia wat hom tot die taak van die opbou daarvan sal aangord.

As Sagaria dan so Jerusalem in sy vervallenheid aanskou, sien hy in 'n profetiese vérgesig die heilige stad op die dag van die Here in sy nuwe luister en prag. In hfst. 14 beskrywe hy hierdie vérgesig waarin hy die eerste en tweede koms van Christus in een sien. Na die stryd van die heidense nasies teen die sal van God, tree God self in die stryd op en hierdie nasies ly die nederlaag. Dan trek die oorblyfsels van die heidense volkere weer op na Jerusalem, nou egter om te aanbid en om die loofhuttefees, die fees van vrugde, te vier.

So teken die profeet vir ons die toebrenging van die heidene tot die Christelike godsdiens, wat hy sien as die lewe in die nuwe Jerusalem. Daardie lewe is 'n enige loofhuttefees, vreugdefees, waarop alles in vierletters staan: „Heilig aan die Here." Selfs die perde, wat in die ou tyd veral vir oorlogdoeleindes gebruik is, se klokke sal dié stempel dra. Ook die erdepotte, wat gebruik is i.v.m. die tempeldiens en as minder heilig beskou is, sal dan ook heilig, volkome heilig, aan die Here wees.

En ons as gelowiges van die 20ste eeu, ook ons as studente van die P.U.K., is vervullers van hierdie professie. Want die nuwe Jerusalem is reeds in beginsel daar. Christus het gesê: „Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe." (Joh. 6: 47)—nie: „sal dit hê nie," maar het dit, nou reeds. En daarom moet daar vir ons nou reeds op ons ganse lewe staan: „Heilig aan die Here."

Leef ons elke dag, geagte leser en leseres, onder dié besef? Ook waar

(Vervolg op bls. 2, kol. 3).

*Van S.R.-weë*

## WILLEM SE LAASTE WOORD.

Ek het noual amper te veel afskeid geneem—vergun my egter 'n laaste paar woorde in hierdie blad.

**Ek wil u almal, dames die here studente, groet!** Wat ek wou sê het ek maar gesê—**Tog het ek so baie vergeet wat ek moes gesê het.**

Nogeens wil ek u bedank vir wat u gedoen het vir die P.U.K., wat u gedoen het om u eie inrigting te dien.

Ek wil u bedank **vir u lojaliteit** en **onderhorigheid aan die Studenteraad.**

Ek wil u bedank **namens myself** vir wat u **vir my persoonlik beteken het. U het aan my iets gegee wat ek in my binneste sal bewaar.** Baie dankie P.U.Kaners vir wat u was en wat u is.

My laaste gedagte—**Wees altyd opreg teen mekaar en pasop dat ons nooit ontaard in 'n woeste klomp opstandiges nie. Gesag moet u altyd erken—Dit is tot u eie behoud.**

**Ek neem afskeid van u, studente van 1950. Ek neem afskeid van my Studenteraad wat my so getrou bygestaan het. Ek neem afskeid van 'n studentelewe wat ek vier jaar lank die eer gehad het om te dien.**

Om iets vaarwel toe te roep is swaar—vergewe my al my foute en tekortkominge.

My gedagtes is taamlik verward vanaand. **En iets sal egter nooit kan oud of verward raak nie en dit is Die P.U.K., ons P.U.K., u en my P.U.K. met sy heldere, pragtige beginsel. Dra hierdie beginsel. Dra dit met al u krag.**

Staan sterk as die **POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT.** Bid God om krag en leiding en dit sal u geluk!

**Ek groet elkeen van u met 'n warm broederlike handdruk.**

**WILLEM DE KLERK.**

Ons leer geweldig baie as gevolg van teenslae. Nie alleen leer ons meer van ander nie maar veral van onsself.

* * * *

Die jaloerse mens dink altyd dat die lof wat ander toegeswaai word syne moes gewees het.

KOM NA—

POTCHEFSTROOM

**HANDELAARS**

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

**Fone: 259 & 250.**
**POTCHEFSTROOM.**

**J.N.J. KRITZINGER**

FOTOGRAAF

**ROYAL HOTEL-GEBOU,**

**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**

**POTCHEFSTROOM.**

**AS U 'N FOTO WIL SKENK,**

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

**en**

KOLONIALE

WYNSOORTE

**en**

SPIRITUALIEË.

ONDERSTEUN DIE

**SENTRALE VRUGTEWINKEL**

Vars Groente, Vrugte, Botter en ander Lekkernye.

* * * *

**POTGIETERSTRAAT 44,**

Potchefstroom

VIR AL U

*ADVERTENSIES*

RAADPLEEG

**HEUKELMAN EN STARFIELD**

**OLENLAAN. TELEFOON 1180.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

**J. P. V.D. WALT.** L.F.V

**Apteker**

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**

Foon 929,

**POTCHEFSTROOM.**

* * * *

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

*Die Kwaliteit*

SKOENWINKEL

**DE BRUYN**

NUUTSTE SOMER-MODELLE

NOU IN VOORRAAD.

# -: *KORRESPONDENSIE* :-

## VIERKLEUR EN A.S.B.

P.U.K.,
1 September, 1950.

Geagte Redakteur,

Daar is iets wat my al baie gehinder het en ek sou graag my opinie omtrent die saak lug.

As 'n mens hier op P.U.K. aanland is jy outomaties lid van die A.S.B. Jy het die reg om te bedank as lid. Dis alles goed en wel. Maar as jy nou wel bedank, word jy begryplikerwys beskou as 'n teenstander van A.S.B. en 'n teenstander van A.S.B. word, alhoewel miskien nie direk nie, tog beskou as 'n voorstander van N.U.S.A.S. U sien dus dat dit nie sommer 'n maklike taak is om A.S.B. te bedank nie.

As ek nou in 'n A.S.B. vergadering inkom sien ek eerste die Vierkleur raak, wat vir my 'n teken is van die teenwoordigheid van 'n gevoel van nasionalisme. Ek, en nog etlike andere, is miskien nie ondersteuners van hierdie politieke beginsel nie en u kan begryp dat ek en die ander hier nie tuis sal voel nie.

Daar het u my grief. Ek hoop nie u beskou my daardeur as 'n teenstander nie. Ek ondersteun die beginsels van A.S.B. insoverre dit N.U.S.A.S. teengaan ten volle. Dit is net die teenwoordigheid van die Vierkleur wat my ontuis laat voel.

Baie dankie,
Die uwe,
A.S.B.-lid.

* * *

Wat bostaande saak van die **A.S.B.** en **die Vierkleur** betref, is ek besonder bly dat die student dit aangehaal het. Ek verstaan sy moeilikheid ten volle.

Ten eerste waardeer ons die **definitiewe anti-N.U.S.A.S.-houding** van die student, en soos hy dit self stel in sy brief en in sy handtekening as A.S.B.-lid, **onderskryf hy 'n prinsipiële basis wat die A.S.B. voorstaan.**

Die kruks kom dus by die student se **persoonlike interpretasie** van die Vierkleur op A.S.B. verrigtinge. Hy knoop dit aan **nasionalisme**—tereg, want **nasionalisme is die band met die volksverlede, die basis waarop ons kon spreek** van 'n AFRIKAANSE Studentebond. Daarom is die Vierkleur ook in ons Unievlag—as 'n simbool van 'n deel van die landseie. Om die Vierkleur te wil koppel aan, en nasionalisme te wil beskou as eiendom van 'n Politieke Party, is hopeloos verkeerd, omdat die Nasionale Party nog nooit die Vierkleur as sy skepping kon roem nie. **Die Vierkleur verteenwoordig 'n verslane Boere-republiek met sy volkseie,** en ek sien geen rede waarom die „A.S.B.-lid" nie as **Afrikaner,** d.w.s. as **nasionalis in die breë sin** van die woord, nie ook in die Vierkleur van oom Paul, die **simbool** van sy anti-N.U.S.A.S. beginsels wil sien nie. **Die Vierkleur is simbool van Afrikaanse eenheid, wat was, ten spyte van hedendaagse politieke verskille.**

B. SPOELSTRA (A.S.B.-Voors.)

## 'N OPE BRIEF.

Geagte Pukke,

'n Jaar is amper weer verby en hiermee ook die studentejare van baie van ons. As ons terugdink is dit net soete herinneringe aan soveel moois wat ons kon ervaar en soveel moois wat ons nie weer sal ken nie.

**Ons het beslis 'n genotvolle en suksesvolle jaar agter die rug en ons voel trots daarop. Laat ons van krag tot krag voortgaan.**

Namens die dames van Thaba N'Kulu net 'n woordjie van dank aan die mans wat ons so getrou **ondersteun** het op die sportveld. Aan dié van julle wat weggaan wens ons 'n suksesvolle loopbaan toe en aan dié wat agterbly onthou „daar's werk."

Ook aan Mevrou de Klerk, ons huismoeder, wil ons dankie sê vir haar leiding en hulp.

Aan die dames van Thaba N'Kulu en veral die huiskomitee 'n spesiale woord van dank vir al die liefde, kameraadskap en ondersteuning gedurende die afgelope jaar.

My beste wense aan al die Pukkies.

MAGDA KOK.

Blok is die kuns om die inhoud van 'n rak vol boeke in een kubieke duim brein weg te pak.

## TOTSIENS EN STERKTE!

Geagte Redakteur,

Dis ons vierde jaar . . . . Vier jare het hier op P.U.K. verbygegaan, die een na die ander, elkeen met sy lief en leed, elkeen met sy eie gebeure—en as ons nou terugdink dan is dit soos 'n prenteboek wat 'n mens blaai. **Een bladsy vol vreugde en studente-pret —die volgende vol teneergedruktheid, kameraadskap, maanlignagte, bloktyd, lente, die een volg op die ander—en nou het ons by die slot gekom:**

Ons laaste jaar, die jaar waarna ons van ons eerste-jaar af uitgesien het, en nou dat dit hier is voel ons huiwerig om die toekomsdeur oop te stoot..

Vir julle Pukkies wat agterbly—geniet elke oomblik, veg vir P.U.K., baie dankie vir julle mede-P.U.Kaner-skap wat ons kon geniet. Ons wat weggaan se gedagtes bly by julle.

VIERDEJAAR.

* * * *

Geagte mnr. die Redakteur,

**Net in antwoord op „Jude-bugs" se interessante artikel „Ons draers van die Afrikaanse Taal en Kultuur" in Die Wapad van 8 September.** As mnr. Jude-bugs" nou nog sleg voel oor die brief waarin 'n sekere dame „'n mooi poging aangewend om 'n' goeie gees op die P.U.K. aan te wakker" kan ek net aan een rede daarvoor dink—hy moet geweldig skuldig voel op elkeen van die aanklagte in die brief. As 'n skoen 'n mens pas, trek jy hom aan —'n mens steur jou nie aan 'n aanklag as jy weet dat dit heeltemal ongegrond is nie.

Wat dan verder die liedjie op „Cruising down the River" se wysie betref, kan ek nie insien waarom ons nie 'n liedjie van „die gehalte" teen 'n ander Afrikaanse universiteit kan sing as ons heerlik „The Old Grey Mare" kan sing nie. Of liedjies soos „'n Parra is 'n ding wat spring" en „Hoe waai-waai ons vlag so helder! **(heller)!"**, van 'n hoër kultuurpeil is, al is hulle Afrikaans, weet ek ook nie.

Verder is mnr. „Jude-bugs" blykbaar nie bewus dat daar ook deur dieselfde dames 'n liedjie gemaak is op die wysie van „Die Soldate-koor" uit „Faust" van Gounod nie. Dit is egter na die eerste aand nie meer gesing nie, omdat, soos die voorsitter van die A.B.K.K. ons verseker het, die mans gesê het dat dit te moeilik vir hulle was om te sing. Ek sou Mnr. „Jude-bugs" dan aanraai om 'n paar nuwe liedjies te maak vir die volgende intervarsities teen Afrikaanse universiteite, en liefs sy eie wysies te komponeer as die dames se kulturele peil vir hom te laag is.

Nog net een woordjie van raad aan Mnr. „Jude-bugs": is „Judebugs" 'n skuilnaam vir een wat die kultuur en tradisies van ons volk en taal wil handhaaf? Kan hy nie 'n mooi Afrikaanse skuilnaam kies nie, terwyl hy of te skaam of te bang is om sy eie naam te teken.

LAURA HEESE.

## DANKIE PUKKE.

**Die 9de September is reeds lankal verby . . . Ons het al amper vergeet dat ons Vreugdedag gehou het. Die ergste van alles is egter . . . ONS HET DIE BUSSIES GESKUD.**

Namens die Hoofbestuur wil ek al die Pukke hartlik bedank wat meegehelp het om die dag so 'n skitterende sukses te maak. Ook ons hartlike dank aan die bestuur wat verantwoordelik was vir die reëling van die Aandfunksie, ook die Pukke wat so vriendelik was om ons te ondersteun word bedank. Dit is ook vir my aangenaam om veral die Alabama te bedank vir hulle hulp met die funksie en al die persone wat verantwoordelik was vir items of sy-kraampies.

Graag wil ek al die persone bedank wat so vriendelik was om my te help met die reëling van die dag; veral **Mnr. Botha,** te Klerksdorp, en **Mnre. D'Assonville en Smit.** Baie dankie ook aan julle almal Pukke wat so getrou geluister het, en getrag het om julle beste te lewer—dit was 'n plesier om leier van so 'n Vreugdedag te wees. Ook wil ek die vlotte "Holiday in Mexico", die Orkesvlot van Mnr. **Botha** en die Fietsvlot van **Mej. Ludorf** hartlik geluk wens met die verowering van pryse.

Ook my hartlike dank aan die **Hoofbestuurslede** wat my nie alleen met raad bygestaan het nie, maar ook met die daad.

Ons het weereens getoon dat ons ware studente en ware P.U.Kaners is.

Baie dankie Pukke,

PIET VENTER.

Niks is iets waaroor ons in 'n klas sit en dink as ons nie sit en slaap nie.


**CRONJE SE**
**HAARKAPPERSALON**

*Dames- en Mansafdeling*

**Skoonheid ne Netheid gewaarborg.**

ONS SPESIALISEER IN
„Rilling Cold Wave Perm"
en
**SKOONHEIDSONTWIKKELING.**

Kerkstraat 53
(regoor Landbank).

**I. GLASER,**
**KING EDWARDSTRAAT 83.**

Die beste vir
**OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE.**

**Diens en Waarde is ons Leuse.**

**Foon 218. Bus 248.**
**Potchefstroom.**

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.**

KOM SIEN ONS
vir u
**FOTOGRAFIESE-**
en
**APTEKERSBENODIGDHEDE.**

GEEN EN VELLEMAN,
**King Edwardstraat 124,**
**POTCHEFSTROOM.**




# BLYVOOR LOOP RIEME STYF.

**Saterdag het die Theos Blyvoor se 1ste span op die neus laat kyk deur die besoekers met 'n puntetelling van 12—5 van die veld te stuur. Die wedstryd was hard, maar nie te oop en aanskoulik nie, daar die doenighede meer beperk was tot die voorspelers.**

Ons eerste punte is aangeteken deur **Platbos** wat 'n pragtige strafskop waargeneem het. Na rustyd het **Piet Viljoen** die puntetelling na 6—0 opgeskuif deur 'n skepskop oor te sit.

**Frik Venter** kon sy drietjie druk nadat hy van 'n skop van **Fires** gebruik gemaak en die bal oor die doellyn gedribbel het. Blyvoor se vleuel het punte aangeteken deurdat hy die bal uit 'n lynstaan ontvang en agter die doellyn gedruk het. Die drie is vervyf, en die telling 9—5.

Die laaste punte is aangeteken deur **P. N. Botha** wat die bal van 'n agterlynbeweging ontvang en blitsig oor die doellyn geduik het. Die vervyfskop was mis.

As Theos die volgende 2 wedstryde kan wen, is die Blaine-beker P.U.K. s'n. Saterdag sal hul hul kragte moet meet teen Ver-Westelike Sub-unie op Wolmaransstad, en indien hulle as oorwinnaars uit die stryd tree, lê daar nog 'n finale kragmeting voor op Park op Saterdag 30ste September. Ons wens die Theos alle sterkte toe, en hoop dat die Blaine-beker dieselfde pad sal bewandel as die Neser.

**Verdere uitslae:**

**P.U.K. 3b wen Normaal 6—0.**
**P.U.K. 3a verloor teen Normaal 15—8**
**Beide was ligawedstryde.**

## JUKSKEI.

**Die P.U.K. Jukskeiklub het onlangs by die Potchefstroom wyksbond aangesluit.** Saterdag is reeds 'n begin gemaak met 'n reeks wedstryde waaraan 'n puntebeker verbonde is. Die eerstespan het goed begin deur hul eerste wedstryd teen Spoorweg te wen. Ons wens mnr. **P. P. Haasbroek** van harte geluk met sy verkiesing tot ondervoorsitter van die Wyksbond. Ons wens die spanne verder baie sukses toe.

## Die Korfbal verloor Unieskild met vier punte.

**Met die Wes-Transvaal Kemponbeker, die Suid-Transvaaltrofee en die Potchefstroom Merciabeker in hulle besit, het die eerste korfbalspan Vrydagoggend (8 Sept.) na Pretoria vertrek om die finale wedstryd vir die Unieskild teen Pretoria onderwys te speel.**

Almal was vol moed en by die wat agtergebly het was dit 'n uitgemaakte saak dat die Unieskild nog 'n jaar sy tuiste hier sou vind.

Op Prinsespark-bane was 'n menigte van mense! Nog nooit het die Pukke só gespeel nie. Dit was 'n **harde** wedstryd en hier moet veral die **Senters** geluk gewens word.

Tot op die einde is daar gespeel. Want die moontlikheid was nog daar dat ons kon wen! Maar nee, die endfluitjie het lank en dringend die einde van die wedstryd aangekondig met 'n puntetelling van 36—32.

Die mooiste van alles was dat na afloop van die wedstryd die toeskouers nie kon uitmaak wie gewen het nie. Die gees van die P.U.K. dames was onoortreflik. Hulle het geglimlag en hulle teenstanders geluk gewens met 'n ware sportmangees. Niemand kon weet hoe hulle binne in gevoel het nie.

Volgende jaar egter bring ons die skild terug!


**Hiermee is die belangrikste deel van die korfbalseisoen afgesluit. Die tweede en derdespan staan egter nog en is in 'n goeie kans om bekers te verower.**

Dit was 'n besondere suksesvolle korfbaljaar en hiervoor kom die dank

LAAT
**TRANSAFRIKA**
**U rigting gee, soos ons tienduisende gehelp het om 'n skitterende sukses van hulle lewens te maak.**

Behalwe die gewone grade is Transafrika se professionele en handelskursusse dwarsdeur die land bekend. Op hierdie gebied bied ons o.a. lesings in die volgende afdelings aan:—
Sekretarisskap, Boekhou, Rekenmeesters, Bankierseksamens, Eksamens van die Instituut van toelatingseksamen, Notariële- en Administrasie en Handel, Prokureurs-Wetseksamens, Diploma in Handel en Koöperasie.

Ook kursusse van 'n algemene aard soos:— Skryfkuns, Motormeganika, Boukonstruksie en Tekene. Bantoe Diplomas, eweas Myneksamens word deur Transafrika aangebied.




**'N HARTLIKE UITNODIGING.**

U word hartlik uitgenooi om die Registrateur persoonlik in verband met u toekomsplanne en voornemens te kom spreek. Indien dit nie moontlik is nie, vul hierdie koepon in en pos dit aan ons wanneer die nodige inligting onmiddellik aan u verstrek sal word.

Onthou as u volgende jaar 'n werk aanvaar en u beoog 'n gespesialiseerde kursus, moenie aarsel nie, maar skryf direk aan ons vir verdere besonderhede."

**Die Registrateur (Afd. D.W.)**
**Transafrika,**
Posbus 3512, Johannesburg.
Stuur my asb. besonderhede van die volgende:
Kursus(se) ..........
Naam ..........
Woonadres ..........
..........Posbus ..........Tel. Nr..........
Huidige Beroep ..........
Laaste eksamen afgelê ..........
Ouderdom ..........

***TRANSAFRIKA***
**Transafrikagebou,**
**H/v. Harrison- en Wolmaransstr.,**
**Johannesburg. Foon 44-3768.**

eerstens toe aan **Héléne Scheepers,** die kapteine, wat altyd entoesiasties was en met haar eie puik spel al die ander spelers tot in die vierde span geïnspireer het. Namens al die korfbalspelers wil ons haar bedank—sy sal volgende jaar gemis word, maar ons hoop sy sal haar verdere korfballoopbaan terdeë geniet. Ook aan **Meester** woorde van gelukwense met die prestasie wat die spanne onder hom behaal het. Meester, volgende jaar sal daar sommer 'n groot leemte sonder jou wees.

Aan al die korfbalspelers 'n woordjie van dank vir hulle pragtige gees van die jaar en aan almal wat agterbly kan ons net sê—aangename seisoen volgende jaar—en bring die skild na die Potchefstroomse Universiteit.

# GLIMLAG MAAR .

**Oom Kool Prinsloo** tydens die verkiesing: „Haai, ou's, Thresia en Laura is voorgestel, maar ons stem almal vir Christa.

* * * *

**Swanie:** „Ou Bollie, speel vir my Jealousy."

* * * *

**Flaps Human** (met sy ou groot bril) het onlangs familie geword van Jimmy Kotze( die vleuel van Transvaal).

* * * *

**Piet Viljoen:** Hoor hier kêrels, om te kys is sommer nonsens—mens kan dan nie eers meer jou senter keer nie.

* * * *

**Emilia Breed:** "Way down upon the ‚Swanie-pool.' "

* * * *

**Tony L.** (by die telefoonhokkie): „Ek wag 46 minute om deur te kom en toe ek deur is, sê sy „nee."

* * *

**Nierkwaal:** Soos 'n mens voel na 'n rit op 'n oop lorrie na Klerksdorp 6-uur in die môre.

* * *

**Grammofoonnaald:** Iets waarmee **Erika Stoker** ingeënt is.




***Die Wapenskild van* PIETERSBURG**

Pietersburg is die middelpunt van die vrugbare en steeds vooruitstrewende gebied van Noord-Transvaal, en is ook welbekend vir die skoonheid van die omliggende landstreek. Die dorp se wapenskild en leuse „Arbeid oorwin alles" dui op tipies Suid-Afrikaanse belange, die mynbedryf en die landbou, net soos die naam Kommando op 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret dui, 'n sigaret wat nog steeds, eweas in die verlede, gemaak word van uitgesoekte blaar deur ons eie Suid-Afrikaanse boere gekweek en deskundig vermeng om aan die smaak van Suid-Afrikaanse rokers te voldoen.

**RONDE**

**Kommando**

**In naam en tradisie, 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret.**




***KOOP SUID-AFRIKAANS—***

**—KOOP KOMMANDO**

20 vir 1/- 50 vir 2/4
Gewoon of kurk

C.I.A

**Suinigheid:** 'n Man wat deur sy neus praat, omdat hy bang is sy tande sal afslyt.

**Terneergedruktheid:** Wanneer jou gesig so lank is soos 'n Desembervakansie.

# S.R. SLUIT AF MET BATIGE SALDO.

**„Die studente van die P.U.K. kyk vanjaar na 'n vrugbare jaar terug. In besonder 'n baie suksesvolle finansiële jaar.**

**Soos u weet het die S.R. vanjaar met 'n groot oortrokke saldo begin en met 'n batige saldo van oor die honderd pond geëindig," het mnr. Jan Viljoen (S.R. Penningmeester) verlede Maandig in sy finansiële verslag voor die alg. studentevergadering verklaar.**

Afgesien van die besparingsveldtog wat die S.R. vanjaar in werking gestel het, is daar nie suinig gewerk met die geld in die „vrekkerige" sin van die woord nie want:

1. Die S.R. het 'n inter-universitêre hokkietoernooi te Durban moontlik gemaak.

2. 'n Groot span kon aan die Dalrymple te Stellenbosch deelneem.

3. Drie inter-universitêre konferensies is gehou wat finansiëel hoog beloop het.

4. Indien klubs en verenigings grondige redes gehad het vir addisionele begrotings is dit geredelik toegestaan.

**„Langs hierdie weg wil ek nogmaals my hartlike dank uitspreek teenoor, elke P.U.Kaner afsonderlik vir bydraes en daadwerklike steun om te bespaar en sodoende die S.R. finansies op 'n veilige basis te plaas," het mnr. Viljoen voorts verklaar.**

Die penningmeester het ook aan die vergadering sy versekering gegee dat waar persone oor die finansies gekritiseer is, dit in alle opregtheid en welmenendheid gedoen is en in diens van ons Alma Mater.

**Toe die S.R.-voorsitter mnr. Willem de Klerk die penningmeester bedank het vir die verslag, het hy daarop gewys dat die finansiële sukses van die Studenteraad van 1950 alleen te danke is aan die knap bestuur daarvan deur die penningmeester en hom namens die aftredende Studenteraad en die studente van harte geluk gewens.**

In 'n goeie gees en kritiek-luim:—

**Laura:** „,Jude-bugs,' jy moet liewer self wysies komponeer vir intervarsity-liedjies as die dames se kulturele peil vir jou te laag is."

**Jude-bugs:** „Ek kan wel nie 'n eier lê nie, maar ek kan darem sê wanneer een vrot is."

# OTHERS TOO, FIND LIFE A BATTLE.

A certain financial house was quite amused to receive the following letter from one of its debtors:—

Dear Sirs,

In reply to your equest to send a cheque, I wish to inform you that my present condition of my bank account makes it ordinarly impossible. My shattered financial condition is due to Union laws, Provincial laws, town laws, liquor laws, sister-in-laws, mother-in-laws and outlaws.

Through these laws I am compelled to pay business tax, super tax, school tax, tariff tax, railway tax, petrol tax, and amusement tax of which I have none. Even my brains are taxed. I am required to get a business licence, car licence, wireless licence not to mention marriage licence and dog licence.

For my own safety I am required to carry life insurance, property insurance, burglar insurance, accident insurance, unemployment insurance and old age insurance.

My business is inspected, expected, suspected, disrespected, rejected, examined and re-examined until I provide an inexhaustible supply of money for every known need, desire or hope for the human race.

I can tell you honestly that except for the miracle that happened, I could not enclose this cheque. The wolf that comes to many doors nowadays had pups in my kitchen. I sold them and here is the money.

Yours faithfully, etc.,

KIERIE.

# 'N WANDELING OP DIE NASSIENALE PAD.

Het u al na die aandete saam met u kamermaat gaan wandel? Wat 'n verspotte vraag om te vra vir 'n student op die P.U.K. waar 'n ieder Nas..., ek bedoel waar elke ou sy meisie het saam met wie hy kan gaan kyk of die wilgerbome by Noordbrug al bot.

**Dis juis op so 'n tydstip wanneer menige Juliet onder die blad van haar Romeo inkruip—soos 'n kolhaas wat 'n skoot hael verwag, die skuiling van 'n vaalbos soek—dat dit gebeur het.**

Dit? Wat is dan nou die „dit," sal u wonder. Ja, geagte leser, dit is wat die gekysde paartjie op Noordbrug (lank mag hy lewe) nie gesien het nie, en wat ek ne ou Kalie wel gesien het toe ons op die betrokke aand vir 'n wandeling gegaan het. Dit was 'n spel wat nog nooit vantevore gespeel is nie; 'n spel wat in die toekoms alleen deur twee persone gespeel sal word . . . . Dit was die „Nassie-onale" spel (kopiereg voorbehou deur I. J. v.d. Walt en Meisies, Onbeperk).

Hierdie spel word alleen gespeel in Borcherdstraat, en daarby bly dit beperk tot die grasperk van een sekere huis. As die tonele wat die spel voorafgegaan het as 'n prelude beskou kan word, en terselfdersyd 'n weergawe van die reëls van hierdie veelbelowende volkspel van die toekoms is, kan die speletjie kortliks soos volg beskryf word: Ek weet nou net nie met sekerheid of daar altyd drie ander dames ook teenwoordig moet wees buiten die tweetjies wat die hoofrolle vertolk nie. As ek die strekking van die spel mooi in sy kern agtervolg, dan wil dit voorkom of dit 'n mengsel kan wees tussen swartvark en 'n sekere soort „poker."

Ten eerste kriup ons heldin onder die gespierde vleuels van die minnaar in, en as die ander drie dames dan lippe-aflekkend staan en toekyk, fluister hy iets in haar oor. Dan sal sy effens trustaan en met 'n „Haai Nassie!" hom speels aan die wang knyp en 'n vlugge soentjie op sy lippies druk. **Nou sal ons held se voete skoon onder hom uitgeslaan wees, want hy weet nie wat om te sê of te doen nie. Op die oomblik voel hy so verlate soos 'n hond in die kaal woestyn. As die skoneres dan effens geamuseerd glimlag, verskyn daar**

(Vervolg na bls. 9, kol. 1).

# VREUGDEDAG MET SUKSES BEKROON.

**Baie persone het miskien al vergeet dat daar 'n Vreugdedag gehou is. Moontlik lyk dit vir u of daar nie genoegsame beloning vir die harde arbeid vóór en met die Vreugdedag was nie, dog onderaan het u die resultate vir u onvermoeide ywer en toewyding.**

As objektiewe beoordelaar van die optog, moet ek u hartlik gelukwens met u prestasie, want iemand wat die optog in sy geheel gesien het moes onwillekeurig onder die indruk kom van die noeste vlyt en ywer wat daar aan die dag gelê is deur elke indiwiduele student. Die vasberadenheid wat u aan die dag gelê het om u beste te lewer, was dan ook die rede waarom die Vreugdedag finansieel én andersins 'n reuse sukses was.

**Die vlotte was almal 'n prag om na te kyk, 'n beeld van die ywer waarmee die studente hulle taak aangepak het om uitvoering te gee aan hulle eie persoonlikhede en hulle verantwoordelikhede teenoor die Vreugdedag.**

Die persone uit die publiek, wat as beoordelaars moes optree, het heelwat verskil oor die toekennng van die pryse, daar die gedagtes so uiteenlopend was, en dit is genoeg om te bewys dat die publiek 'n baie hoë dunk van elke indiwiduele vlot gehad het. Dink u nie dat dit 'n genoegsame beloning vir die arbeid is nie

Laat die volgende verslag van die finansiële aspek van die Vreugdedag vir u 'n beeld wees van u ywer:

INKOMSTE.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Donasies .... .... .... .... | £93 | 18 | 9 |
| Kollekte .... .... .... .... .... | £390 | 15 | 4 |
| Pukkie (Advertensies) | £52 | 0 | 0 |
| | £536 | 14 | 1 |

UITGAWES.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Oue Tehuis .... .... .... | £70 | 0 | 0 |
| Strandfonds .... .... .... | £70 | 0 | 0 |
| Kersfeesfonds .... .... .... | £70 | 0 | 0 |
| S.R. .... .... .... .... .... .... | 40 | 0 | 0 |
| Lening P.U.K. .... .... .... | £100 | 0 | 0 |
| Uitgawes .... .... .... .... | £169 | 7 | 9 |
| Kas .... .... .... .... .... .... | £17 | 6 | 4 |
| | £536 | 14 | 1 |

---

(Vervolg van bls. 1, kol. 3).

**op sy gelaat 'n blakend-gesonde kleur—die kleur van 'n heerlike ryp tamatie.**

„Nee, kam," sê ek, „dis geen veldbrand nie, maar slegs ons dapper held wat 'n tydelike maar kenmerkende gelaatsverandering ondergaan." ('n verkleurmannetjie op 'n koekie Lifebuoy seep is 'n mooi een!) Waarlik, 'n mens kon met 'n rooi lippestiffie 'n wit streep op sy mollige wangetjies trek.

Om die situasie te red, stel sy toe voor: „Dis so heerlik hier op die gras —kom ons speel vroteier!" Nassie se hart juig en met 'n gesig wat straal van vreugde roep hy hoogs voldaan uit: „Dit pas net mooi in hy kraam! Kom, Cecilia, kom ons speel vroteier!"

Toe ruik ek iets snaaks, maar my kam het my verseker dat dit 'n kat was wat twee dae tevore sy einde tegemoet gesnel het onder die geweldige druk van „Firestone."

„WANDELAAR."

---

Ofttimes the test of courage becomes rather to live than to die.

* * *

Life is a jig-saw puzzle with most of the pieces missing.

* * *

Love in France is a comedy; in England a tragedy; in Italy an opera; and in Germany a melodrama.

* * *

The punishment of criminals should be of use; when a man is hanged he is good for nothing.—Voltair.

(Vervolg van bls. 8, kol. 3).

glo dat elkeen vir wie Calvinisme slegs 'n holklinkende woord is, nie tuis hoort aan die P.U.K. nie.

Voordat hy die sleutel van die S.R.-kantoor aan Bouke Spoelstra oorhandig het, het hy vir laas die studente gevra om weereens hulle getroue steun aan die nuwe S.R. te gee. **Dien die Here onse God, want alleen Hy kan die werk van ons hande bevestig," was sy laaste woorde.**

EXCELSIOR MEUBELS

Beperk.

Ons lewer die beste gehalte

MEUBELS

teen die laagste pryse.

Besoek Ons en ons verseker U van ons beste dienste.

VERTOON LOKAAL:

Foon 743. Kerkstraat 132,

GAMSU-SLAGTERY

(Eienaars: Randse Koelkamers).

Telefoon 76. Posbus 166.

Direkteure:

E. M. Wright,
K. de J. Hofmeyer.
I. J. D. Wentzel.

Kerkstraat 72,

POTCHEFSTROOM.

Ons verskaf die beste kwaliteit
VLEIS, VIS, HAM en PLUIMVEE.

*LEES*———

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

# Die Potchefstroomse Universiteit

## VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

Op die Christelike grondslag word studente opgelei vir die gewone wetenskaplike en professionele rigtingsg van 'n universiteit.

**Onder andere: Lettere, Natuurwetenskappe, Teologie, Onderwys, Handel, Sosiale Werk, Regsgeleerdheid, Musiek.**

—:o:—

**VERDER WORD OOK AANGEBIED:**

| | |
|---|---|
| **HUISHOUDKUNDE-OPLEIDING:** | Grade en diplomas—onderwys en ander huishoudkundige professies. |
| **LIGGAAMLIKE OPVOEDING:** | Grade en diplomas—instrukteurs en instruktrises, onderwysers en onderwyseresse. |
| **APTEKERS:** | Kursus in Aptekerswese—enigste Universiteit in die land wat hierdie kursus aanbied. |
| **HIGIËNE:** | Graad vir gesondheidsinspekteurs — enigste Universiteit in die land wat hierdie graad aanbied. |

—:o:—

**DIE P.U. KONSERVATORIUM VIR MUSIEK.**

Bied volledige opleiding vir diplomas en sertifikaateksamens in Orrel, Klavier, Sang, Viool.

* * *

**Gesonde studentelewe in moderne koshuise teen redelike terme.**

**Vra besonderhede aan van:**

DIE REGISTRATEUR,
**P.U. VIR C.H.O.,**
**POTCHEFSTROOM.**


Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.